

Sing vooraf staande: Psalm 36:2, 3 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe, maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe. Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming! Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.
- 3 Van al wat leef, is U die bron; / van alle lig, die eewige son / wat afstraal in ons oë. HEER, laat u reg en goedheid wees / oor wie opreg u ken en vrees / en steun op u vermoë: laat trotse voet my nooit vertrap, / nóg bouse hand in ballingskap / my dwing om rond te swerwe! Daar val die werkers van die kwaad / vir altyd in 'n jammerstaat / waarin hul magt'loos sterwe.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskryf van Gods verborgenhede. U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is.
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal. Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Gebed

Psalm 27:4, 6 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / “O soek die HEER, die bron van lig en krag.” Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag. Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer. U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!
- 6 As ek op aard, deur soveel smart omgewe, / omring deur droefenis en dood en rou, nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe / die goeie van Gods hand nog sal aanskou – dan het ek lankal in my druk versmag. / Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag! Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk, / Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

Skriflesing: Filippense 2:5-11; Hebreërs 4:14-16;

Nederlandse Geloofsbelydenis, Artikel 26

Kernvers: Filippense 2:9-11 en Hebreërs 4:14

Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader. (Filippense 2:9-11 AFR83)

Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. (Hebreërs 4:14 AFR83)

Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 26: Christus Ons Voorspraak

Ons glo dat ons geen ander toegang tot God het nie as net deur die enigste Middelaar en Voorspraak, Jesus Christus, die Regverdige. Hy het juis hiervoor mens geword en in Hom die Goddelike en menslike natuur verenig, sodat ons, mense, tot die Goddelike majesteit toegang kan

hê, anders sou die toegang vir ons gesluit wees. Maar hierdie Middelaar wat die Vader tussen Homself en ons aangestel het, moet ons nie deur sy verhevenheid laat terugdeins sodat ons 'n ander middelaar na ons eie insigte sou soek nie. Want daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat groter liefde vir ons het as Jesus Christus nie, Hy wat, alhoewel Hy in die gestalte van God was, Homself ontledig het deur vir ons die gestalte van 'n mens en 'n slaaf aan te neem en aan sy broers in alle opsigte gelyk geword het (Fil 2:6-7 en Heb 2:17). As ons dus moes soek na 'n ander middelaar wat ons goedgesind sou wees, wie sou ons dan kon vind wat groter liefde vir ons sou hê as Hy wat sy lewe vir ons afgelê het, selfs toe ons nog sy vyande was (Rom 5:8, 10)? En as ons een soek wat mag en aansien het, wie besit soveel daarvan as Hy wat aan die regterhand van sy Vader sit en alle mag in die hemel en op aarde het (Matt 28:18)? En wie sal eerder verhoor word as die eie, geliefde Seun van God? Dit is slegs deur gebrek aan vertroue dat hierdie gewoonte posgevat het om die heiliges te ontteer in plaas van om hulle te vereer. So doen hulle iets wat die heiliges nooit gedoen of gesoek het nie, maar wat hulle onophoudelik en pligsgetrou verwerp het, soos dit uit hulle geskifte blyk.

*Hier moet ook nie ingebring word dat ons dit onwaardig is nie. Daar is mos geen sprake van dat ons ons gebede op grond van ons waardigheid voor God bring nie. Ons doen dit alleen op grond van die uitnemendheid en waardigheid van Jesus Christus, want sy geregtigheid is ons geregtigheid deur die geloof. Daarom sê die apostel – wanneer hy hierdie dwase vrees, of liever die gebrek aan vertroue, van ons wil wegneem – dat Jesus Christus in elke opsig aan sy broers gelyk geword het, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen. Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word (Heb 2:17-18). En om ons meer moed te gee om na Hom toe te gaan, sê die apostel vervolgens: **‘Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgedaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word’** (Heb 4:14-16). Dieselfde apostel sê: **‘Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus ... laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsekerheid ...’** (Heb 10:19, 22). En voorts: **‘maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie. Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree’** (Heb 7:24-25). Wat kom daar dan nog kort, aangesien Christus self sê: **‘Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie’** (Joh 14:6)?*

Waarom sou ons 'n ander voorspraak soek, aangesien dit God behaag het om ons sy Seun as Voorspraak te gee? Laat ons Hom geensins verlaat om 'n ander een te neem of liever 'n ander een te soek sonder om hom ooit te vind nie. Want toe God Hom aan ons gegee het, het Hy goed geweet dat ons sondaars is. Volgens die bevel van Christus roep ons daarom die hemelse Vader aan deur Christus, ons enigste Middelaar, soos dit ons in die gebed van die Here geleer word; en ons is verseker dat alles wat ons die Vader in sy Naam sal bid, aan ons gegee sal word (Joh 16:23).

1 Tim 2:5; 1 Joh 2:1; Rom 8:26; Deut 4:24; Gen 3:10; Eks 20:19; Jer 2:33; Jes 43:22; Hos 13:9; Luk 18:19; Efes 3:20; 1 Joh 4:10; Efes 3:19; Fil 2:7; Joh 15:13; Matt 28; Heb 1:3, 7; Jes 55:1-3; Matt 11:28; Jak 5:17; Ps 115:1; Hand 14:15; 10:26; Heb 9:24; Joh 11:9; Hand 4:12; 1 Kor 1:30; Ps 34:7; Jer 2:5; Heb 4:14, 16; Jer 17:5, 7; Heb 2:17-18; 4:14-16; Efes 2:18; Heb 10:19; 7:25; Joh 14:6; Ps 44:(21) 6; 1 Tim 2:5; 1 Joh 2:1; Rom 8:34; Luk 11:2; Joh 14:13; Jer 16:20; Heb 13:15; Rom 5:8.

Tema: Christus is ons enigste toegang tot God. Moenie iemand anders soek nie!

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, van die begin van Artikel 26 af bely ons dat daar geen ander toegang vir ons tot God is nie behalwe deur Christus Jesus ons Here. Met hierdie woorde sluit ons by Artikel 21 en 22 aan. In albei hierdie artikels gaan dit oor ons verlossing deur Jesus Christus. In

Artikel 21 bely ons met hierdie volgende woorde dat Jesus Christus se offer die enigste middel is waardeur ons met God versoen kan word: **Ons sê daarom tereg saam met die apostel Paulus dat ons met julle oor niks anders praat nie as oor Jesus Christus, en wel oor Hom as die Gekruisigde (1 Kor. 2:2); dat ons alles as waardeloos beskou, want om Christus Jesus, ons Here, te ken, oortref alles in waarde (Fil. 3:8); dat ons volkome vertroosting vind in sy wonde en dat ons nie enige ander middel hoef te soek of uit te dink om ons met God te versoen nie as slegs hierdie een offerande wat net een maal gebring is, waardeur die gelowiges vir altyd volmaak word (Heb. 10:14).**

In Artikel 22, waarin ons bely dat ons deur die geloof in Jesus Christus alleen vrygespreek word, verwerp ons die soeke na 'n ander middelaar naas Jesus nog sterker met hierdie woorde: **Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie. Daar is dus net twee moontlikhede: In Jesus Christus is nie alles wat vir ons saligheid nodig is nie, óf dit is alles wél in Hom, en dan het hy wat Jesus deur die geloof besit, sy volle saligheid. Om nou te beweer dat Christus nie genoegsaam is nie maar dat daar buite Hom nog iets meer nodig is, sou gruwelike godslastering wees, want dit sou beteken dat Christus slegs 'n halwe Verlosser is.**

Nou het daar in die geskiedenis 'n onverklaarbare ding gebeur wat ons genoodsaak het om ook weer hier in Artikel 26 duidelik en onomwonde te bely dat Christus ons enigste toegang tot God is. Ons moet egter onthou dat Christus Jesus se middelaarswerk vir ons nie die dag toe Hy opgevaar het na die hemel geëindig het nie. Tot vandag toe is Hy ons Middelaar tussen God en ons en Hy sit sy middelaarswerk vir ons in die hemel aan die regterhand van sy Vader voort. Verlede Sondag het ons gelet op die voorbidding wat Christus vir ons nou nog in die hemel by sy Vader doen. Dit is voorbidding waarmee Hy reeds op aarde begin het. Omdat Jesus vir ons voorbidding doen, beteken dit nie dat ons nie meer hoef te bid nie. Gebed, so bely ons in Sondag 45, **is die vernaamste deel van ons dankbaarheid wat God van ons eis.**

Gebed is die vernaamste deel van ons dankbaarheid, want gebed is nie net 'n klomp vrae en versoeke aan God nie. Om te bid is om uitdrukking te gee aan ons afhanklikheid van God en ons vertrouwe op Hom. Dit is aanbidding van Hom omdat ons Hom verheerlik met die woorde wat die Heilige Gees in ons hart lê om Hom mee te loof en te prys. Verder doen ons ook voorbidding vir ander mense. En terwyl ons onself en ander aan God se genadige sorg opdra, steun ons op die voorbidding van Jesus.

Maar kom ons begin met ons eerste kernverse in Filippense om hierdie belydenis in Artikel 26 aan ons hart vas te bind. **God het Jesus tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader (Filippense 2:9-11 AFR83).**

Met hierdie woorde openbaar die Heilige Gees aan ons hoe hoog verhewe Jesus Christus bo alles en almal is. Hy is nie net 'n goeie en volmaakte mens wat vir ons hier op aarde 'n voorbeeld kom wys het van hoe om reg en goed te lewe nie. Hy is inderdaad ook waaragtig God, die Here. Hy is Regter oor die lewendes en die dooies. Hy rig en bestuur die gang van die wêreldgeskiedenis na die einde van die tye toe wanneer Hy dan as Regter sal terugkom op die wolke om te kom oordeel. Hy is saam met sy Vader heilig en almagtig. Daarom gries dit ons gelowiges so wanneer mense Jesus Christus se Naam sommer gebruik sonder om te dink van wie hulle praat. Ja, omdat Hy Here is, maak dit ons diep seer wanneer mense sy Naam sommer soos 'n vloekwoord gebruik, soos dit tans al meer en meer in fliëks en in die samelewing gebeur.

Oor hierdie verhewenheid van Jesus Christus twyfel ons glad nie. Inteendeel, ons bely dat Jesus

verhewe is bo alles en almal, want God leer dit vir ons in sy Woord. Maar met dieselfde Woord keer die Here ons om nie vir die verhewenheid van Christus terug te deins nie. Om vir die verhewenheid van Christus terug te deins, beteken dat 'n mens Jesus Christus se almag en heiligheid as 'n struikelblok sien om deur Hom tot God te nader. Dit is dan die onverklaarbare ding wat in die geskiedenis gebeur het. Mense het in die geskiedenis gemeen dat Christus te heilig en te verhewe is dat 'n nietige sondaarmens tot God mag nader deur Jesus Christus. Hulle het dit so gestel asof 'n sondaar van Christus misbruik sou maak as hy deur Christus tot God nader in gebed.

In die Roomse Kerk het dit toe gebeur dat die pous twee nuwe leerstellings in verband met Maria, die moeder van Jesus, afgekondig het en dit is in die Roomse Kerk aanvaar tot vandag toe. In 1854 is die leerstelling aanvaar dat Maria 'n onbevleete ontvangenis het. Dit beteken dat sy net soos Jesus sonder sonde gebore sou gewees het. En in 1950 is die leerstelling aanvaar dat Maria ook liggaamlik na die hemel toe opgevaar het. Dit is duidelik dat die Roomse Kerk met hierdie twee leerstellings 'n parallel tussen Jesus en Maria wil trek. En die doel van hierdie leerstellings oor Maria is om naas Jesus Christus 'n middelaar te hê wat die sondaar kan bystaan in sy toegang tot God toe. Natuurlik leer die Heilige Gees ons niks van hierdie twee leerstellings in die Bybel nie. Van haar dood weet ons niks nie en van haarself praat sy as een wat gering is en behoefte het aan God se ontferming. En tog meen die Roomse Kerk dat die gelowige deur Maria tot Christus mag nader omdat Christus veel eerder vir sy ma as vir ons sal luister!

Broers, susters en kinders, hoor net hoekom hoef ons nie vir Jesus se verhewenheid terug te deins nie. ***Daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat groter liefde vir ons het as Jesus Christus nie. Hy wat in die gestalte van God was, het Homself ontledig deur vir ons die gestalte van 'n mens en 'n slaaf aan te neem en in alle opsigte aan ons gelyk te word.*** Jesus het sy Goddelikheid nie beskou as iets waaraan Hy moes vasklem asof sy Goddelikheid van Hom geroof kon word nie. Uit liefde vir God se kinders en omdat Hy wou, het die Seun van God Homself verneder. En saam met die Goddelike natuur wat Hy van ewigheid af het, het Hy die menslike natuur aangeneem.

Op aarde het Jesus net soos enige ander mens gelyk. Nooit het Hy mense van Homself afgeskrik nie. Inteendeel, Hy het aanhoudend met 'n liefdevolle stem mense na Hom toe geroep. Uit ons Verlosser se hele wese het daar vrede, vreugde en blydschap gestraal. Sy liefde het soos 'n magneet mense na Hom toe aangetrek. Ons hoor keer op keer dat 'n massa mense om Hom saamgedrom het om by Hom te leer. Ja, Hy het inderdaad in alles aan ons mense gelyk geword, uitgesluit die sonde.

Uit hierdie vernedering wat Jesus op Homself geneem het om soos 'n slaaf op aarde te wees, volg drie gevolgtrekkings. Die eerste gevolgtrekking: Nêrens sal ons 'n ander middelaar kry wat soveel liefde vir ons het as juis Jesus Christus nie. Sy liefde het immers nie net uit sy wese gestraal nie en Hy het nie net 'n liefdevolle stem gehad wat mense na Hom toe aangelok het nie. Hy het sy onvoorwaardelike liefde ook met daade bewys. Hy het sy lewe vir ons afgelê toe ons nog vyande van Hom was. Wie kan een ander middelaar vind wat ook vir daardie boemelaar en moordenaar en prostituut en wraaksugtige terroris sy lewe sou aflê? Niemand kan so 'n middelaar vind nie, want niemand is bereid om uit onvoorwaardelike liefde sy lewe vir ander af te lê nie.

Die tweede gevolgtrekking: Nêrens kan daar 'n ander middelaar gevind word wat soveel mag en aansien het soos Jesus Christus nie. Hier sê die Heilige Gees dit dan in ons kernvers:

God het Jesus verhef tot hoogste eer en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is.
(Filippense 2:9 AFR83)

Jesus het Goddelike eer van sy Vader ontvang. Want het ons nie verlede Sondag uit Johannes 17 gehoor dat die Vader sy Seun verheerlik het nie? Ja, Hy het Hom verheerlik. Deur die dood van sy Seun en deur die uiteindelijke opstanding uit die dood het die Vader vir ons gewys hoe belangrik en

magtig Jesus werklik is. Slegs deur Hom kry ons toegang tot God. Jesus sê dan self dat Hy die weg en waarheid en die lewe is en niemand kan na die Vader gaan behalwe deur Hom nie. En nog verder, aan wie anders as aan Jesus Christus het die Vader alle mag in die hemel en op aarde gegee? Niemand anders nie. Jesus Christus is Here!

Nou volg die derde gevolgtrekking: Wie sal eerder deur God verhoor word as juis die eie, geliefde Seun van God, Jesus Christus? Niemand nie! Nie Maria of Paulus of Petrus of 'n engel of die pous kan vir ons as middelaar optree nie. Ons kan nie tot een van hierdie heilige mense en wesens bid en dink dat God eerder na hulle sal luister nie, want die heilige mense moes ook deur die bloed van Jesus Christus verlos word van hulle sondes net soos ons. En die engele rondom God se troon is alleen heilig deur God se genade en nie uit hulleself nie. Nee, Jesus Christus is enigste Middelaar na wie God die Vader werklik sal luister, want slegs Hy het die enigste offer gebring wat werklik deur God aanvaar is vir die sondes van mense, naamlik sy eie lewe.

Wie egter 'n ander middelaar soek om tot God te nader, is besig met eiewillige godsdiens, gruwelike godslastering en hulle eer nie die heilige mense nie, maar toon dat hulle God se wysheid en genadige sorg nie vertrou nie. Trouens, Paulus, Petrus en die engele het gekeer dat mense hulle moet aanbid of sien as middelaars tussen God en die mense. Toe Petrus in die huis van Kornelius gekom het, het Kornelius eerbiedig voor Petrus gekniel. Maar Petrus het dadelik vir hom gesê: **Staan op! Ek is self ook maar net 'n mens** (Handelinge 10:26 AFR83). Paulus en Barnabas moes die mense in Listra streng vermaan omdat die mense daar vir Paulus en Barnabas as gode begin vereer het. En die engel het in Openbaring 22 vir Johannes gekeer toe hy die engel wou aanbid.

Miskien soek ons Protestante nie soos die Roomse Kerk na 'n ander middelaar nie. Ons doen egter iets anders wat net so erg is. Daar is gelowiges wat hulle sonde en sondige aard so vergroot dat hulle dink hulle kan en mag as gevolg van hulle sonde nie hulle gebede deur Christus tot God bring nie. Teen hierdie siening bely ons dan dat ons mos nie ons gebede voor God bring op grond van ons eie waardigheid nie. 'n Mens hoef mos nie eers 'n sekere vlak in die geloof te bereik voordat jy deur Christus tot God mag bid nie. Selfs die kleinste kindjie wat so pas begin praat en pas geleer het om te bid, kan deur Christus tot God bid. Selfs iemand wat so pas maar gehoor het dat Jesus Christus ook vir hom aan die kruis gesterf het en dit deur die werking van die Heilige Gees in die geloof aanvaar het, kan tot God bid deur Jesus Christus.

Die Heilige Gees self roep almal op om dan deur Jesus Christus tot God te nader in gebed. **Ons het dan 'n groot Hoëpriester wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus die Seun van God. Hou aan hierdie geloof vas** (Hebreërs 4:14 AFR83), sê die Heilige Gees. En gaan dan met vrymoedigheid na die troon van genade, want geen mens nader tot God en bring sy gebed voor God op grond van sy eie waardigheid nie. Nee, ons bring ons gebede voor God **op grond van Christus se uitnemendheid en waardigheid, want sy geregtigheid is ons geregtigheid deur die geloof.**

Natuurlik is ons woorde, selfs die woorde van ons gebede, nog altyd met sonde besmet. Daarom sal ons God nie op ons eie met ons woorde soos dit is kan verheerlik, loof en prys nie. Maar Christus maak ons gebede vir sy Vader aanvaarbaar omdat Hy ons gebede met sy bloed reinig. Ja, ook van die smet wat nog aan ons gebede kleef, was Jesus ons gebede met sy bloed skoon. En daarby het ons ook nog die Gees van God wat ons lei en leer om die regte woorde in ons gebede te bid met die regte gesindheid.

Waarom, geliefdes, sal ons dan na 'n ander voorspraak en middelaar soek? God wou self sy Seun as ons Voorspraak gee en Hy het dit ook vir ons gedoen. As ons dan nou 'n ander middelaar en voorspraak soek, sê ons eintlik vir ons hemelse Vader dat ons nie tevrede is met die Voorspraak wat Hy vir ons gegee het nie; ons wil eerder ons eie een soek. God het egter geweet dat ons sondaars is toe Hy sy Seun as ons Voorspraak vir ons gegee het. Daarom sal ons nie misbruik van Christus

maak as ons deur Hom tot God in gebed nader nie. Hy wil juis hê dat ons deur Hom tot God moet nader, want daar is nie 'n ander weg nie. En dan gee Jesus ook die belofte: **Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee** (Johannes 16:23 AFR83). Hoekom sal ons nou 'n ander middelaar wil soek?

Christus is ons enigste toegang tot God. Moenie 'n ander middelaar soek nie!

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 5-3:4, 5 (8:4, 5)

- 4 Die sondelose Lam, vir sondeskuld geslag, / is waardig om te ontvang die rykdom, wysheid, krag, en eer en heerlijkheid en dankb're seëninge! / En al wat leef en roer, al die geskape dinge op aarde en diep omlaag, of in die hoë hemel, / al wat die see bewoon en in sy dieptes wemel –
- 5 die ganse skepping sing met krag van jubeltoon: / “Aan Hom wat heerlik is, hoog op die wêreldtroon, en aan die Lam van God, self eewige Skeppings-Here, / sy ewig lof en prys en krag en roem en ere!” Met “Amen, Amen!” het die gérubs opgeswewe. / Die oudstes het aanbid voor Hom wat ewig lewe.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
31 Maart 2013